



## Finansies Beleid: Vereistes waaraan krediteure fakture moet voldoen vir betaling

<b>Tipe dokument:</b>	Beleid
<b>Doel van die beleid:</b>	Die beleid verskaf die vereistes waaraan 'n faktuur aan die US moet voldoen, alvorens betaling kan geskied.
<b>Goedgekeur deur:</b>	Finansies Komitee
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	2009
<b>Implementeringsdatum:</b>	2009
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Soos nodig
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	Geen
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Uitvoerende Bedryfshoof
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Hoofdirekteur: Finansies
<b>Sleutelwoorde:</b>	Krediteure Fakture, Fakture
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

**2.14****VEREISTES WAARAAN KREDITEURE FAKTURE MOET VOLDOEN VIR BETALING**

**Bestek:** Die beleid verskaf die vereistes waaraan 'n faktuur aan die US moet voldoen, alvorens betaling kan geskied.

**Beleid:****FAKTURE VANAF 'N INSTANSIE AAN DIE US**

Die volgende informasie moet op die faktuur wees:

- dat dit 'n faktuur of belastingfaktuur is.
- die verskaffer se naam, adres en BTW registrasienommer in geval van 'n belastingfaktuur.
- gerig aan die Universiteit Stellenbosch
- adres en BTW registrasienommer van die Universiteit Stellenbosch
- die faktuurnommer en datum.
- 'n beskrywing van die goedere en die hoeveelheid.
- die waarde van die goedere en die belasting gevra.

**FAKTURE VANAF 'N PERSOON AAN DIE US**

Die volgende informasie moet op die faktuur wees:

- dat dit 'n faktuur of belastingfaktuur is.
- die persoon se naam, adres en BTW registrasienommer in geval van 'n belastingfaktuur.
- gerig aan die Universiteit Stellenbosch
- adres en BTW registrasienommer van die Universiteit Stellenbosch
- die faktuurnommer en datum.
- 'n beskrywing van die goedere en die hoeveelheid
- die waarde van die goedere en die belasting gevra
- die persoon moet die faktuur onderteken

**Let Wel:** Geen betalings word gedoen op kwotasies, pro forma fakture of state nie.

**Kontak afdeling:**

Finansiële Dienste